Publication: Sake (Rapport)
Date: Sunday, May 27, 2018
Page: 5

**Nico van Gijsen**

# Trou met aanwas bied min sekerheid

Ek wil vandag krap waar dit jeuk: huwelike met die aanwas en lewende annuïteite. Die uitspraak van die hooggeregshof in Johannesburg in die saak M vs. M, waarna ek verlede week ook hier verwys het en waarin bevind is dat 'n lewende annuïteit nie in berekening gebring kan word in 'n aanwas-eis nie, het nie juis veel bygedra om my gejeuk minder te maak nie. Inteendeel.

Kortliks oor die aanwasbedeling: Die Wet op Huweliksgoedere (Wet 88 van 1984) bepaal dat by die beëindiging van sulke huwelike (egskeiding of dood) verkry die party met die kleinste boedel 'n eis teen die party met die grootste boedel om die helfte van die verskil in groei van die twee boedels tydens die huwelik. Duidelik. Eenvoudig. En na my mening ook billik. Jy kan tog nie die onderskeie bydraes tot 'n huwelik net in geld meet nie. Elkeen dra by, nie net na vermoë nie, maar ook na behoefte van die gesin as 'n eenheid.

My gejeuk? Vir die oneerbare persoon is dit te maklik om sy aanwasverpligtinge, waaraan hy homself vrywillig kontraktueel verbind het, te omseil.

Vir wat dit werd is en komende van iemand met my beperkte regskennis en met respek teenoor die hof, ek stem saam met die uitspraak in M vs. M. My probleem is die onbedoelde gevolge.

Hier is die scenario.

A se vurige "tot die dood ons skei"

Nico van Gijsen



**Raad met jou rande**

met B het erg afgekoel, terwyl A vir homself welvaart geskep en B die kinders grootgemaak het. Maar hy besef B het 'n vet aanwas-eis teen sy boedel en hy wil dit behou, want nuwe liefde, C, kos geld om te onderhou.

Hy kan nou eenvoudig al sy geld in 'n uittreeannuïteit (UA) gaan belê. Hy kan selfs sy vaste bates verkoop en dié geld ook in 'n UA belê.

En dan, as hy oor 55 jaar oud is, kan hy dadelik uittree uit die UA en 'n lewende annuïteit aankoop. Die Wet op Egskeiding (Wet 70 van 1979) is nie van toepassing op 'n lewende annuïteit nie, omdat dit nie 'n "pensioenbelang" is nie.

Dit is ook soos genoem hier bo, nie 'n bate in A se boedel vir die doeleindes van die aanwas nie. Só systap hy die aanwas-eis. En het hy 'n lewenslange inkomste uit sy rykdom vir homself verseker. Boonop is al die geld wat hy bygedra het tot die UA en wat nie belastingaftrekbaar was ingevolge die Wet op Inkomstebelasting (Wet 62 van 1958) nie (die perk is 27,5% of R350 000 per jaar), nou belastingvry beskikbaar as inkomste vir hom. Hy wen net al die pad!

En by dood? Wel, art. 37C van die Wet op Pensioenfondse (Wet 24 van 1956), wat 'n diskresie aan trustees van 'n fonds gee met die verdeling van pensioenfondsgeld, is ook nie van toepassing op lewende annuïteite nie.

Hy kan dus die volle oorblywende waarde in die lewende annuïteit aan C begunstig. En B? Sy sal maar vertroosting moet vind in die herinnering van kinders grootmaak.

Wat kan jy doen as jy die "ander party" is en jy vermoed onraad? Is jou hande afgekap?

Die Wet op Huweliksgoedere bepaal 'n hof kan, as die hof meen jou reg om in die aanwas te deel word ernstig bedreig en solank as wat ander partye nie daardeur benadeel sal word nie, 'n bevel uitreik vir die onmiddellike verdeling van die aanwas.

**■ Nico van Gijsen, 'n gesertifiseerde finansiële beplanner en belastingpraktisyn, is besturende direkteur van Finlac en 'n lid van Fisa. Lesers kan navrae aan hom stuur deur te skryf aan Raad met jou Rande, Posbus 8422, Johannesburg 2000 of nico@finlac.com; Twitter: @Nicovangijsen**

This material has been copied under a Dalro licence and is not for resale or retransmission.